

# Die verbond sluit die kinders ook in

Teks: Kolossense 2: 6 - 15 & Sondag 27  
Teksvers: Kolossense 2:11 - 12

## 1. Inleiding

Geliefdes in vanoggend se leerdiens het ons die voorreg om stil te word voor een van die groot debatte in die Christelike geloof. Dit is so 'n groot debat dat kerke dikwels in twee groepe verdeel word hieroor. Daar word verwys na die sogenaamde kinderdoop kerke en die grootdoop kerke. Hierdie verdeling is natuurlik nie iets nuut nie. Vanuit die 16de eeu na die reformatie kry ons veral 3 historiese lyne waarin kerke voortaan sou bestaan.

Dit is natuurlik die Rooms Katolieke benadering, dan die Gereformeerde benadering en laastens die wederdoper benadering. Die saak van die doop het dan vir hierdie laaste groep so belangrike saak geword dat hulle maklik die gereformeerdes maar net steeds onder rooms katolieke reken. Dit juis omdat die gereformeerdes soos die rooms katolieke steeds die kinder doop bedien. Maar is dit dan 'n dwaalleer van die Rooms katolieke kerk wat ons eenvoudig voortgesit het?

Wanneer ons na die kinderdoop kyk is daar veral twee teksgedeeltes wat vir ons baie duidelikheid gee in hierdie verband. Die eerste is natuurlik die direkte opdrag wat ons vind in Handeling 2:39. Maar die tweede is ons teksverse vandag, Kolossense 2: 11 - 12. Die rede van die belang van Kolossense 2: 11 - 12 is die feit dat dit die besnydenis so sterk aan die doop koppel. En dit is wat ons gereformeerdes ook doen. Vir ons is daar 'n sterk band tussen die besnydenis en die doop. En omdat die besnydenis aan babes bedien word, moet die doop ook. Maar wat glo ons oor die besnydenis.

## 2. Geen gewone besnydenis

Die sakramentele opdrag aan Abraham was die fisiese besnydenis. Maar sommer met die eerste oogopslag is die dit duidelik in ons teksvers dat hier van geen gewone besnydenis gepraat word. Abraham moes natuurlik sy hande gebruik om die proses van besnydenis uit te voer. Daarna het dit in die Ou Testament die werk van priester hande geword. Maar in ons teksvers word verwys na 'n besnydenis wat nie deur menslike hande

verrig word nie. Duidelik praat ons hier van iets anders.

Maar onmiddelik wil 'n mens vra, maar hoekom dan die term besnydenis gebruik?. Hoekom hierdie ongemaklike saak gebruik om eintlik iets anders te verduidelik. Die antwoord lê in die dieper betekenis van die besnydenis. Sien baie van die Ou Testamenties gebruike het 'n profetiese waarde. Natuurlik die gebruike wat ons veral nie meer vandag uitvoer nie, soos die offers en die besnydenis. En as na die besnydenis kyk dan het dit reg van die begin af die funksie om die persoon wat dit ondergaan, in te sluit in die verbond wat God met die mens het. Dit is ook duidelik uit Gen 17 wat ons reeds aangehaal tydens die inleiding.

En hierdie noue verbondsverhouding is die oorhoofse fokus van ons hele teksgedeelte. Die noue verbondenheid met die Here. Want kolossense soos die ander gevangenskapbriewe uit die pen van Paulus het onderwysing ten doel. Hierdie nuut gestigte gemeentes het leiding nodig. Veral in 'n plek soos Kolosse met sy unieke vermening van Figiers, Grieke en Jode elk met eie filosofie en rituele wat hulle in hierdie nuwe Christelike geloof wil indra.

Maar in teenstelling met al hierdie snaakse teorieë, is al wat werklik nodig is, die ware besnydenis. Die eintlike besnydenis van die hart waarvan ons leer in Romeine 2:29. Iets wat anders as hierdie teorieë en argumente nie eers van buite af sigbaar of waarneembaar is nie. En hierdie dieper betekenis van die besnydenis is dan ook nie eers so Nuwe Testamenties as wat ons dink nie. Want alreeds is Jeremia 31:33 lees ons dat die Here sê: "Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees". Dit natuurlik ook die nuwe vleeslike hart waarna Esegjël 36 verwys.

Hierdie besnydenis in ons teksvers is dus geen gewone besnydenis deur mense hande nie, maar dit is die besnydenis van die menslike hart wat die Here self uitvoer.

### 3. Totaal geskei van sondige vlees

Omdat die Here self hierdie werk verrig in hierdie besnyding proses, is die eindresultaat ook heeltemal anders. Dit is volmaak. Sien op 'n manier is die Here die groot Geneesheer wat die kankerbehandeling teen die kanker van die sonde gee. Ons weet hoe aanvanklike kanker behandeling werk. Wanneer kanker 'n klein genoeg area van die weefsel aangetas het dat dit veilig verwyder kan word, is dit presies wat 'n geneesheer doen. Hy sny die geaffekteerde weefsel uit die liggaam uit.

Maar anders as die aardse geneesheer, wat voortdurend na die tyd toetse moet doen om vas te stel of al die kanker uitgesny is, is die werk van die Here volmaak. Hy en ons ook weet dat die operasie 'n sukses was. Daarvan getuig die leë graf in vers 12. En ons verbondenheid aan hierdie opstanding van ons Here Jesus Christus soos ons dit ook bely in die sakrament van die doop.

Maar dit is juis in wat die Here doen met ons sonde waar die paaië met aardse geneesheer weer aansluit. Kanker besmette weefsel word van ontslae geraak op 'n deeglike n professionele manier. In die woorde van Psalm 103:12 verwyder die Here ons oortredinge sover van ons af as wat die ooste verwyderd is van die weste. Dit is wat gebeur in hierdie besnydenis wat nie met mense hande verrig word nie, maar wat Christus self doen.

Dit is die geestelike proses waar al die boosheid van ons sondige natuur verwyder word. Waar ons soos 'n kanker pasiënt kan hoor dat ons sonde heeltemal in remissie is, dat ons genees is en die ewige lewe tegemoet kan gaan. Die dood as houvas wat die sonde op ons lewens gehad het is verbreek. Christus het werklik elke mag en gesag ontwapen, en die boosheid moes uiteindelik as gevange in Christus se triomftog mee gevoer word soos vers 15 dit aan ons openbaar. Hierdie triomftog wat by die kruis begin en steeds voortduur vandag en tot in alle ewigheid.

### 4. Die verband met die doop

Tot dusver is dit duidelik dat daar verskille is tussen die fisiese besnydenis en die besnydenis van die hart. En uiteraard is daar ook verskille tussen die besnydenis en die doop. Maar dit is nie toevallig dat hierdie twee verse langs mekaar staan in die Bybel nie. Want daar is ook ooreenkomste tussen die

besnydenis en die doop. Iets wat hierdie nabyheid van die twee verse onderstreep. Ons kyk vervolg na 'n paar

Ten eerste geld die verbondsinsluiting karakter ook by beide. Die doop is steeds vandag die manier waarop mense ingesluit word in die verbond van die Here. En omdat gereformeerde teologie ook verbondsteologie is, maak ons uiteraard erns met die verbond. Trouens deur die eeue word wreedheid teenoor kinders in grootdoop kerke betreur, kinders wat nie deel van die verbond is volgens hulle oortuigings nie.

Die volgende verband lê in die teken van die afsny en verwydering van die sonde. Hierin bely ons ook dat die doop, die afwasing van sonde is. Soos met die besnydenis moet die bose afkom en verwyder word. Dit bose mag nie kans kry om deel te word van die liggaam nie. En in ons verbondsbeskouing het ook ons kinders die voorreg om in hierdie genade van die Here te deel.

Die laaste ooreenkoms is uiteraard die mees ooglopende. Die feit dat die besnydenis aan kinders bedien moes word in die Ou Testament. Ons glo en bely ook dat ons in die Nuwe Testament met die nuwe verbond te doen het. Maar dan bely ons natuurlik dat hierdie nuwe verbond nie 'n verskraling van die Ou verbond is nie. Met ander woorde net soos nie verbond nie meer net die volk Israel insluit nie, maar verbreed is om mense van alle volke in te sluit. Net so glo ons dat nie nuwe verbond nie versmal word om die kinders uit te sluit nie.

### 5. Slot

Vandag wil 'n moderne selfverkleerde vry samelewing niks weet van hierdie negatiewe siening van sonde en die menslike natuur nie. Maar kan ons werklik dink dat ons misdade nie so ernstig was, as die skuldbrief teen ons sonde so ernstig was dat die Here, Jesus Christus teen die kruis vas genael moes word daarvoor, soos vers 14 aan ons openbaar.

Sonde uit die sondige menslike vlees is so erg dat dit uiteindelik die ewige dood sal bring. Maar in genade kom die Here Jesus Christus en kom besny die menslike hart. Daarby gee Hy die Nuwe Testamentiese gelowige die versekering hiervan in die teken en seël van die sakrament van die doop. Christus kom skep werklik lewe uit ons doodsbestaan binne ons.

Maar ons is nou soos iemand wat van 'n ongeneeslike siekte genees is. Ons het 'n tweede kans op die lewe. Ons het in die nuwe lewe, die vermoë om met alles wat ons het en is weg te vlug van die bose af. En dit is opnuut weer ons as Gereformeerde Kerk Phalaborwa se roeping vanoggend. Dink terug aan jou doop en die tweede kans wat ek en jy ontvang het.

Amen